



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 10

NOVEMBER 2020

**EKONOMIE V1
NASIENRIGLYN
(EKSEMPLAAR)**

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 16 bladsye.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1****1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE**

- 1.1.1 B verbruiksgoedere ✓✓
- 1.1.2 A primêre sektor ✓✓
- 1.1.3 D spesialisasie ✓✓
- 1.1.4 C reële syfers ✓✓
- 1.1.5 A tradisionele stelsel ✓✓
- 1.1.6 D werkloos ✓✓
- 1.1.7 B netto immigrasie ✓
- 1.1.8 C sanksies ✓✓ (8 x 2) (16)

1.2 PASITEMS

- 1.2.1 D mense het onbeperkte behoeftes, maar hulpbronne is skaars beskikbaar ✓
- 1.2.2 F vryemarke ekonomie is inherent stabiel ✓
- 1.2.3 A sistematiese benadering om gewone patrone te ontbloot deur na werklike gebeure in die verlede te kyk ✓
- 1.2.4 G die herhalende en fluktuierende vlakke van ekonomiese aktiwiteit oor 'n lang tydperk ✓
- 1.2.5 B wanneer mense van plek tot plek beweeg vir voedsel, water en weiding ✓
- 1.2.6 E die verskil tussen geldwaarde van invoere en uitvoere ✓
- 1.2.7 I regeringsoptrede om ekonomiese aktiwiteite te beïnvloed ✓
- 1.2.8 H eerste inheemse mense in Suid-Afrika ✓ (8 x 1) (8)

1.3 IDENTIFISEER DIE BEGRIP

1.3.1 Ekonomie ✓

1.3.2 Normatiewe stelling ✓

1.3.3 Reële vloei ✓

1.3.4 Globalisasie ✓

1.3.5 Vakbond ✓

1.3.6 Kapitalisme ✓

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae uit hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2**2.1 2.1.1 Noem TWEE vertakings van ekonomie.**

- Omgewingseconomie ✓
- Internasionale ekonomie ✓
- Arbeidseconomie ✓
- Monetêre ekonomie ✓
- Ontwikkelingseconomie ✓
- Openbare-sektoreconomie ✓

(Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom gebruik ekonome wiskundige finansies?

- Om die wiskundige/numeriese modelle wat deur finansiële ekonomie voorgestel word, af te lei en uit te brei ✓✓
 - Om gebruik te maak van berekeninge en matriksalgebra in ekonomiese ontledings ✓✓
 - Meeste formules het te make met die tydwaarde van geld, waarskynlikheid, ewekansigheid en statistiese ontleding ✓✓
 - Om hulle teorieë te toets ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

2.2 DATARESPONS**2.2.1 Identifiseer die metode wat in bostaande tabel gebruik is.**

Produksiemetode ✓

(1)

2.2.2 Gee EEN voorbeeld van belasting op produkte.

- BTW ✓
- Invoerbelasting ✓
- Aksyns (sondebelasting) ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(1)

2.2.3 Verduidelik kortliks die begrip *Bruto Binnelandse Produk (BBP)*.

Dit is die markwaarde van alle finale goedere en dienste wat binne die grense van 'n land geproduseer is. ✓✓

(2)

2.2.4 Hoekom word subsidies afgetrek wanneer BBP bereken word?

Subsidies is finansiële aansporings/toelaes/hulp wat deur die regering verskaf word. ✓✓

(2)

2.2.5 Bereken die Bruto Toegevoegde Waarde teen basiese pryse. Toon ALLE berekeninge.

456 939+ 106 067 +350 882 ✓✓

BTW teen basiese pryse = 913 888 ✓✓

(Maksimum van 2 punte indien slegs die antwoord gegee word.)

(4)

2.3 DATARESPONS

2.3.1 **Watter ekonomiese probleem word in bostaande prent aangedui?**
Keuse ✓ (1)

2.3.2 **Identifiseer die rasonale keuse uit bostaande prent.**
Studie ✓ (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die begrip keuse.**

- Dit is om iets op te offer ✓✓
- Sodat iets gekies word wat maksimum bevrediging sal gee ✓✓

(2)

2.3.4 **Hoe verseker jy dat jy 'n goeie keuse maak?**
Deur een alternatief te kies uit die moontlike alternatiewe wat vir jou die maksimum bevrediging of die meeste geluk sal verskaf. ✓✓ (2)

2.3.5 **Hoekom móét mense 'n keuse maak?**

- Hulpbronne word slegs vir een doel aangewend. ✓✓
- As gevolg van te min hulpbronne om behoeftes en begeertes te bevredig/probleem van skaarste
- Onbepaalde behoeftes en begeertes (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(2)

2.4 **Verduidelik kortliks die verskil tussen *ekonomiese* en *vrye goedere*. Ekonomiese goedere**

- Skaarsheid in verhouding tot die vraag ✓✓
- Behaal 'n prys ✓✓
- Vorm deel van die rykdom wat deur privaat individue, besighede en die regering besit word ✓✓
- Kan op die mark verkoop word ✓✓ (Enige 2 x 2)

Vrye goedere

- Nie skaars nie, volop beskikbaar ✓✓
 - Behaal nie 'n prys nie ✓✓
 - Kan nie as rykdom ingereken word nie ✓✓
 - Daar is geen mark vir hierdie goedere nie omdat hulle nie 'n prys het nie ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Enige 2 x 2) (8)

2.5 **Hoekom is die gebruik van modelle nodig in ekonomie?**

Modelle word gebruik:

- Om te verstaan hoe die ekonomie werk ✓✓
 - Om voorspellings te maak. ✓✓
 - Maak dit makliker om die verhouding tussen veranderlikes te verstaan ✓✓
 - Word voorgestel d.m.v. kwantitatiewe uitdrukkings, illustrasies, diagramme en skriftelike of mondelinge stellings ✓✓
 - Bestudering en ondersoek van ekonomiese kwessies ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Maks. 8) (8)

[40]

VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 **Noem TWEE maniere wat die Gildes gebruik het om surplusse vir handelsdoeleindes te produseer**
- Spesialisasie ✓
 - Arbeidsverdeling ✓
- (2 x 1) (2)

- 3.1.2 **Watter rol het die ontwikkeling van dorpe en stede in die vroeë ekonomiese ontwikkeling gespeel?**
- Het goeie markte vir landbouprodukte geskep ✓✓
 - Kommersiële boerdery het gelei tot 'n toename in die produksie van koring, mielies en vleis ✓✓
 - Het ook markte geskep vir vervaardigde produkte soos klerasie, voedsel, meubels, masjinerie en dienste soos akkommodasie en vervoer ✓✓
 - Gelei tot die ontstaan van entrepreneurs ✓✓
 - Verhoogde inkomste, besparings en beleggings ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (1 x 2) (2)

3.2 DATARESPONS

- 3.2.1 **Watter soort handel word in die bostaande spotprent voorgestel?**
- Ruilhandel ✓
- (1)

- 3.2.2 **Hoe het mense hierdie soort handel aangewend?**
- Hulle het goedere vir goedere verruil. ✓
- (1)

- 3.2.3 **Verduidelik die inmenging van die regering in handel.**
- Die regering het doeanebelasting gehef op invoere ten einde plaaslike landbounywerhede te beskerm ✓✓
 - Subsidies is betaal om uitvoere aan te moedig ten einde die handelsbalans te verbeter ✓✓
 - Handelsooreenkomste is met ander lande gesluit om handel te bevorder ✓✓
 - Wette is ingestel om die werking van besighede te reguleer ✓✓
 - Bevorder mededinging tussen besighede ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
- (Enige 1 x 2) (2)

- 3.2.4 **Wat het die ekonomie daartoe gelei om geld te gebruik?**
- Die toename in handel ✓✓
 - Handelaars het besighede in die dorpe opgerig ✓✓ en items soos speserye en sy verkoop wat van China en Indië gekom het ✓✓
 - Soos wat meer dorpe ontwikkel het, het handel uitgebrei ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
- (Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 Hoekom behoort die nasie aangemoedig te word om te spaar?

- Om geld te beveilig ✓✓
- Om rykdom te skep ✓✓
- Vir die finansiële sektor om die spaargeld van huishoudings, besighede en die regering beskikbaar te maak as lenings vir andere ✓✓
- Besparings kan ook teruggelei word in die ekonomie ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 2 x 2) (4)

3.3 DATARESPONS**3.3.1 Noem EEN rede vir die toename in die persentasie Suid-Afrikaners in stedelike gebiede.**

- Beter en meer werksgeleenthede ✓
- Modernisering en verandering in lewenswyse ✓
- Sosiale voordele en dienste ✓
- Ontwikkeling en industrialisasie ✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 1 x 1) (1)

3.3.2 Watter persentasie Suid-Afrikaners woon nie in stedelike gebiede nie?

37% ✓

(1)

3.3.3 Beskryf kortliks die begrip verstedeliking.

Dit is die beweging van mense vanuit die plattelandse na die stedelike gebiede. ✓✓

(2)

3.3.4 Wat sou die uitdagings van verstedeliking wees?

- Toename in die vraag na behuising ✓✓
- Hoë vlakke van werkloosheid ✓✓
- Stedelike armoede ✓✓
- Hoë misdaadkoers ✓✓
- Stedelike opeenhoping ✓✓
- Styging in lewenskoste ✓✓
- Ontstaan van informele nedersettings ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 Hoe doeltreffend is die gebruik van tegnologie in die ekonomie?

- Hulpbronne word doeltreffend toegeken ✓✓
 - Masjinerie en verbeterde tegnieke het tot die meganisasie van produksieprosesse gelei ✓✓
 - Handearbeid is vervang en dit het die spoed van produksie verhoog ✓✓
 - Meer uitvindings het plaasgevind in die vorm van voertuie, elektronika, lugvervoer, nywerheidsrobote, rekenaars en onderwatervorsing ✓✓
 - Waardering vir tegnologie het die uitbreiding van produksiekapasiteit en spoed meegebring ✓✓
 - Verhoogde vraag na en aanbod van goedere en dienste het gevolg ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 2 x 2) (4)

3.4 Verduidelik kortliks die evolusie van beperkte aanspreeklike maatskappye.

- Hierdie maatskappye is geregistreer volgens die Wet op Maatskappye wat voorskryf hoe hulle hulle kapitaal moet bymekaar maak en bedryf ✓✓
- Hulle het beperkte aanspreeklikheid ✓✓
- Hulle aandeelhouders is nie aanspreeklik vir die maatskappy se skuld nie ✓✓
- Hulle is slegs aanspreeklik vir die bedrag wat hulle in die maatskappy belê het ✓✓
- Hulle het finansiële mag; hulle kan aandele aan die publiek verkoop ✓✓
- Hulle word deur wetgewing erken as onafhanklik van hulle lede met hulle eie magte en laste ✓✓
- Word beheer deur 'n verkose raad van direkteure en bestuur deur 'n bestuurspan wat aangestel is ✓✓
- Hierdie maatskappye het en lewer nog steeds 'n groot bydrae tot ekonomiese groei ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

3.5 Hoe is inheemse mense negatief deur kolonialisme en imperialisme beïnvloed?

- Dit het hulle gesondheid beïnvloed ✓✓
 - Inheemse mense se politieke en ekonomiese regte is hulle ontnem ✓✓
 - Die koloniste het diskriminerende wetgewing teen hulle ingestel ✓✓
 - Hulle sosiale, kulturele en ekonomiese tradisies en gewoontes is verontagsaam en nie gerespekteer nie ✓✓
 - Dit het gelei tot 'n ineenstorting van gesag en 'n verandering in lewenstyl ✓✓
 - Hulle is ontnem van die reg om eiendom te besit en is dikwels verplaas ✓✓
 - Inheemse mense se sekuriteit is verontagsaam ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Maks. 8) (8)

[40]

VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE maniere hoe die San-mense geleef het.**
- Jag ✓
 - Versameling ✓
- (Enige 2 x 1) (2)

- 4.1.2 **Hoekom word ekonomie as 'n sosiale wetenskap beskou?**
Ekonomie bestudeer menslike gedrag, bv. sosiale, sielkundige, sosiologiese en politiese wetenskap. / Bestudeer hoe mense besluite neem ten einde hulle skaarsheidsprobleem op te los ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2)

4.2 DATARESPONS

- 4.2.1 **Noem EEN beroepskeuse wanneer jy ekonomie neem.**
- Beplanning ✓
 - Bankwese ✓
 - Finansies ✓
 - Staatsadministrasie en -finansies ✓
 - Dienstebesigheid soos toerisme ✓
 - Kredietontleder ✓
 - Ekonomiese konsultant ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
(Enige 1 x 1) (1)

- 4.2.2 **Watter wetenskap kan met ekonomie gekombineer word?**
- Statistiek ✓
 - Wiskunde ✓
 - Wetgewing en Inligtingstechnologie ✓
 - Rekeningkunde ✓
 - Besigheidstudies ✓
 - Handelsreg ✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)
(Enige 1 x 1) (1)

- 4.2.3 **Beskryf kortliks die begrip *loopbaan***
Die professies, werke en posisies wat jy beklee gedurende jou beroepsjare, insluitende lewenservaring, bv. onderwys, opleiding, betaalde werk en onbetaalde werk ✓✓ (2)

- 4.2.4 **Wat sou die effek daarvan wees om nie 'n loopbaan te hê nie?**
- Kan nie beter werksgeleenthede kry nie ✓✓
 - Verdien lae inkomste ✓✓
 - Gebrek aan kennis ✓✓
 - Sal nie goed by die werksplek kan presteer nie ✓✓
- (1 x 2) (2)

4.2.5 **Hoekom behoort mense hulle belangstellings en vaardighede te oorweeg wanneer hulle 'n loopbaan kies?**

- Hulle behoort te weet waarvan hulle die meeste hou ✓✓
- Moet ook weet wat hulle vir die res van hulle lewens wil doen ✓✓
- Van watter aktiwiteite hou hulle die meeste; wat maak dat hulle tred verloor met die tyd ✓✓
- Moet hulle sterkpunte en swakpunte ken ✓✓
- Kies 'n loopbaan wat jou belange en vaardighede komplementeer ✓✓
- Onderzoek verskillende moontlikhede van verskeie vaardighede ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 2 x 2) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Noem EEN kommunikasiestelsel wat in Suid-Afrika gebruik word.**

- Selfoon ✓
- Rekenaar ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(1)

4.3.2 **Wat is die hoofdoel van die Innovasie-spilpunt?**

Dit is om die groei van opkomende tegnologiemaatskappye te versnel, deur inkubasieprosesse en groeprnavorsing, sodat tegnologiemaatskappye die ekonomie kan laat groei ✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(1)

4.3.3 **Verduidelik kortliks die begrip *kommunikasie*.**

Uitruil van inligting deur te praat, te skryf of deur die gebruik van enige ander medium ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(2)

4.3.4 **Verduidelik waarom 'n kommunikasiestelsel belangrik is vir die ekonomie.**

- Vir die effektiewe en gladde verloop van 'n besigheid ✓✓
- Om mense beymekaar te bring ✓✓
- Om tyd te spaar ✓✓

(Enige 1 x 2) (2)

4.3.5 **Watter uitwerking sal mobiele en koordlose kommunikasie op ons lewens hê?**

Met selfoontechnologie wat geweldig vinnig ontwikkel, kan mense:

- Selfone nou gebruik as 'n klein draagbare rekenaar ✓✓
- Toegang tot die internet verkry, eposse stuur en dokumente tik ✓✓
- In besigheid het mens nou altyd toegang tot inligting en die vermoë om met enigiemand in die wêreld te kommunikeer ✓✓
- Die kantoor kan enige plek wees ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord)

(Enige 2 x 2) (4)

4.4 Onderskei tussen *ekonomiese groei* en *ekonomiese ontwikkeling*.

Ekonomiese groei

- Dit is die toename in die produksie van goedere en dienste van 'n land binne 'n gegewe tydperk ✓✓
- Dit word gemeet deur die reële BBP van een jaar na die volgende ✓✓
- Dit het te make met goedere en dienste ✓✓ (2 x 2)

Ekonomiese ontwikkeling

- Dit is die verbetering van die lewenstyl van die totale bevolking ✓✓
 - Dit het te make met mense en menslike ontwikkeling ✓✓
 - Handel met kwessies soos onderwys, geletterdheid, gesondheidsorg, werkverskaffing en omgewingsvolhoubaarheid ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (2 x 2) (8)

4.5 **Evalueer die negatiewe uitwerking van produksie op die omgewing.**

- Ontbossing en afkap van bome oor groot gebiede dra tot aardverwarming by ✓✓
 - Plante en spesies word vernietig ✓✓
 - Baie plantspesies wat vir medisyne en voedsel gebruik was, het verlore gegaan ✓✓
 - Groeiende bevolking plaas groter stres op die land se onderwys, gesondheid en welvaartstelsels ✓✓
 - Uitputting van die osoonlaag word veroorsaak deur chemikalieë ✓✓
 - Dit lei tot 'n styging in velkanker wat 'n las op die gesondheidsorgstelsel sal wees ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (4 x 2) (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C**VRAAG 5**

- **Bespreek in detail die ekonomiese aanwysers wat in vooruitskatting gebruik word.** (26)
- **Hoekom sal 'n resessie die ekonomies kwesbare mense negatief beïnvloed?** (10)

INLEIDING

Ekonomiese aanwysers is enige ekonomiese statistiek wat aandui hoe goed die ekonomie tans doen of in die toekoms gaan doen. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Maks. 2) (2)

HOOFGEDEELTE**Leidende ekonomiese aanwyser ✓**

- Is aanwysers wat verander voordat die ekonomie verander ✓✓
- Leidende aanwysers voorspel wat in die volgende maande in die ekonomie gaan gebeur ✓✓
- Hulle hardloop die siklus vooruit ✓✓
- Hulle styg voordat die ekonomie die werklike uitbreidende fase betree en hulle daal voordat die ekonomie die resessiefase betree. ✓✓
- Hulle gee besighede en regerings insae oor wat in die ekonomie mag gebeur ✓✓
- Hulle dien as waarskuwing vir veranderinge in die vlak van ekonomiese aktiwiteit van wat dalk mag plaasvind ✓✓
- Voorbeelde: Spasie vir advertensies vir werk, aantal nuwe motors verkoop, aantal nuwe maatskappye geregistreer ✓✓

Sloerende ekonomiese aanwyser ✓

- Dit is aanwysers wat verander nadat die ekonomie as 'n geheel verander het ✓✓
- Hulle verskyn 'n paar maande nadat die ekonomie 'n ander fase binnegegaan het ✓✓
- Hulle help om te bevestig hoe die ekonomie verander het ✓✓
- Hulle bereik die piek en die trog nadat die ekonomie die piek en die trog bereik het ✓✓
- Voorbeelde: Die werkloosheidskoers is 'n sloerende ekonomiese aanwyser omdat werkloosheid neig om te daal vir twee of drie kwartale nadat die ekonomie begin verbeter het. Ure gewerk in konstruksie, indiensname in nie-landbou sektor, aantal handelsvoertuie verkoop ✓✓

Samevallende ekonomiese aanwyser ✓

- Dit is aanwysers wat dieselfde tyd verander as wat die ekonomie verander ✓✓
 - Hulle bereik die piek wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit piek bereik en hulle bereik die trog wanneer die vlak van ekonomiese aktiwiteit die trog bereik ✓✓
 - Hulle bepaal gewoonlik die datums van pieke en trôe in die sakesiklus ✓✓
 - Hulle verskaf inligting oor die huidige stand van die ekonomie ✓✓
 - Voorbeelde: geregistreerde werkloosheid, reële BBP, kleinhandelverkope ✓✓
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.) (Maks. 26)

ADDISIONELE GEDEELTE

- Hulle ontbreek aan kennis van skemas of nooddienste om hulle by te staan.
 - Hulle het 'n lae vlak van geletterdheid ten einde toegang tot inligting te verkry en te interpreter
 - Hulle isolasie (soos in landelike gebiede) lei daartoe dat hulle nie kennis dra oor, of dit moeilik vind om toegang tot fasiliteite of dienste te verkry
 - Hulle kan nie hulleself organiseer nie en daarom ontbreek dit hul aan kollektiewe pogings
 - Die hoë koste van mediese hulp, werkloosheidsversekering en pensioenbydraes laat hulle met verminderde sekuriteit
 - Ouer persone se inkome neem af wanneer dalende rentekoerse en hoë inflasie die koopkrag van hulle pensioengeld verlaag
- (Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Maks. 10)

SLOT

Die Suid-Afrikaanse Reserwebank gebruik statistiek wat gebaseer is op hierdie drie soorte aanwysers om veranderinge in die algehele Suid-Afrikaanse ekonomie te voorspel. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord) (Maks. 2) (2)

VRAAG 6

- **Bespreek in detail die VYF fases in die demografiese siklus.** (26)
- **Watter impak sal die verspreiding van COVID-19 op die werksmag van 'n land hê volgens jou opinie?** (10)

INLEIDING

Demografiese modelle toon aan hoe 'n nasie se groeikoers oor tyd verander het. Soos wat die lewenspeil van 'n bevolking toeneem, neem die natuurlike groeikoers gewoonlik af en omgekeerd. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike inleiding) (Maks. 2) (2)

HOOFGEDEELTE**Fase 1: Die hoë stilstaande/stagnerende fase ✓**

- Geboorte- en sterftekoers is baie hoog in hierdie stadium ✓✓
- Groei is baie stadig en fluktueer, met 'n baie jong bevolking ✓✓
- Die gemeenskap is arm; daar is nie gesinsbeplanning nie en 'n gebrek aan mediese sorg ✓✓
- Kinders word as ekonomiese bates beskou ✓✓
- Hierdie stadium word gekenmerk deur 'n natuurgebonde ekonomie, wat op eenvoudige landbou en 'n lae vlak van handwerkproduksie fokus ✓✓
- Voorbeelde van lande in hierdie stadium is Tibet en Ethiopië ✓✓

Fase 2: Die vroeë uitbreidende stadium ✓

- Die geboortekoers bly hoog en die sterftekoers daal ✓✓
- Bevolkingsgroei neem bestendig toe, want geboortebeheer en gesinsbeplanning word nie toegepas nie ✓✓
- Lewenstoestande verbeter en mense bereik 'n hoër ouderdom en leef langer ✓✓

Redes vir dalende sterftekoers:

- Verbeterde produksie en landboumetodes, vervoer en die stoor van voedsel ✓✓
- Openbare gesondheidsdienste (bv. inenting teen pokke). ✓✓
- Mediese wetenskap en gesondheidsbewustheid ✓✓
- Onderwys (loods van verskeie nasionale programme, soos VIGS) ✓✓
- Verbeterde higiëne (bv. kook van drinkwater) en sanitasie ✓✓
- Die natuurlike groeikoers is hoër gedurende hierdie stadium omdat die gaping tussen sterftes en geboortes groter raak ✓✓
- Die gemiddelde groei van die bevolking is laer ✓✓
- Lande is dig bevolk (verstedelik) ✓✓
- Voorbeelde van lande in hierdie stadium is Turkye en Mexiko ✓✓

Fase 3: Die uitbreidende stadium ✓

- Die afname in sterftes vind plaas teen 'n vinniger koers as die daling in geboortekoerse ✓✓
- Bevolkingsgroei is nog hoog, maar begin afplat ✓✓
- Sosiale ontwikkeling lei tot nuwe gesinswaardes en 'n daling in geboortes ✓✓
- Ekonomiese ontwikkeling is spoedig – inkome en lewenspeil neem toe vir 'n groot gedeelte van die bevolking ✓✓
- Hierdie fase word gekenmerk deur meganisasie en verstedeliking ✓✓
- Groot tegnologiese ontwikkeling en voordele van massaproduksie ✓✓
- Lande met lae geboorte- en sterftekoerse is Australië en Denemarke ✓✓

Fase 4: Die lae stilstaande/stagnerende fase ✓

- Hierdie fase word gekenmerk deur 'n daling in of lae geboortekoers en 'n lae sterftekoers, met 'n matige verouderende bevolking ✓✓
- Die totale grootte van die bevolking neem af soos wat gesinsbeplanning algemeen aanvaar word deur meer gesinne ✓✓
- Meer vroue betree die arbeidsmark ✓✓
- Mense besef dat hulle hul lewenspeil beduidend kan verhoog as hulle minder kinders het ✓✓
- Sterftes daal soos wat meer mense toegang tot bekostigbare mediese sorg verkry ✓✓
- Die ekonomie skuif van vervaardiging na dienste ✓✓
- Die mees tegnologies gevorderde nasies is in hierdie fase, byvoorbeeld die Verenigde State van Amerika ✓✓

Fase 5: Die na-stilstaande/stagnerende fase ✓

- Meeste nywerhede (bv. Swede en Duitsland) het 'n volle proses van demografiese oorgang ondergaan, tot en met Fase 5 ✓✓
- Die bevolkingsgroei neem af as gevolg van 'n baie lae geboorte- en sterftekoers, wat lei tot 'n verouderende bevolking. ✓✓
- Ten spyte van die lae natuurlike groei, is die lewensverwagting hoog (byna 80 jaar) ✓✓

(Maks. 6 punte per fase)

(Maks. 26)

ADDISIONELE GEDEELTE

Die impak van COVID-19 op die arbeidsmag van 'n land het veroorsaak dat:

- Werkplekke gesluit het, miljoene werkers het 'n gedeelte of al hulle inkome verloor ✓✓
- Selfs diegene wat nog gewerk het, moes aanvaar dat hulle minder ure moet werk en loonverlaging het in verskillende nywerhede voorgekom, ✓✓ soos by lugrederye, akkommodasie en voedseldienste en in die tekstiel- en kleresektor ✓
- Verskeie lande het ook loonverlaging in die openbare sektor ingestel ✓✓
- Dit het ook gelei tot groot werksverliese in die ekonomie ✓✓
- Lae besoldigde en dikwels werkers met min vaardighede, is spesifiek in die aanvanklike fase van hierdie krisis nadelig beïnvloed ✓✓
- Baie sogenaamde voorstelnie-werkers, wat hulle gesondheid op die spel plaas deur hulleself bloot te stel aan die virus en sodoende verseker dat die noodsaaklike diens gedurende die grendeltyd voortgaan, werk in sektore wat gekenmerk word deur lae lone ✓✓
- Dit sluit in gesondheid- en sorgwerkers, maar ook kassiere, werkers betrokke in die produksie en verwerking van voedsel, landbouwerkers, afleweraars en trokdrywers ✓✓
- Die impak van die krisis was erg vir die informele ekonomie se werkers, wat moes tuis bly en vir wie dit beteken het dat hulle hul werk verloor het asook hulle lewensonderhoud ✓✓
- Die impak van die pandemie het gelei tot 'n erge inkrimping van ekonomiese aktiwiteite omdat dit onmoontlik vir baie mense was om werk toe te gaan en besighede kon nie langer oopbly nie ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(Maks. 10)

SLOT

Hierdie model kan gebruik word om te voorspel hoe dinge in lande in die toekoms dalk mag verander. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte toepaslike antwoord.)

(Maks. 2)

[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150